


*Die nuwe Ned. Herv. of Geref. kerkgebou op Alberton wat Saterdag ingewy is. Die gebou is opgerig teen 'n koste van £12,000. Die argitek was mnr. Gerard Moerdyk.*

# NUWE N.H. OF G. KERK OP ALBERTON INGEWY

## „Die Gebou is 'n Kultuurdaad in Ware Sin van Woord"

'n GEWYDE stemming het Saterdagmiddag die verrigtings gekenmerk by geleentheid van die inwyding van die Ned. Herv. of Geref. kerkgebou op Alberton. Die sierlike gebou wat minder as twee maande na die geskiedkundige jaar amptelik in gebruik geneem is, dra as 'n aandenking aan die Eeufeesjaar die naam van Eeufeeskerk.

Nadat ds. W. C. O. du Toit, leraar van die gemeente, 'n kort afskeidsdiens in die ou kerkie gehou het, het die 72-jarige ouderling, L. Pienaar, die oudste dienende kerkraadslid, met die Bybel onder sy arm die gemeente vooor die deur van die nuwe kerkgebou gelei. Voor die deur het die kinders twee rye gestaan en die naderende gemeente toegesing: „Bring my die oue Tyding" Hierna is die kerkklok se luide tone oor die dorpie gehoor. Ouderling, W. F. du Preez, lid van die boukommissie, het voor die kerkdeur 'n woord van dank tot die argitek, mnr. Gerard Moerdyk; die bouaannemer, mnr. N. Knebel en die gemeente gerig vir hul samewerking in die oprigting van die kerk.

**KRAGTIGE WOORD**

Mnr. Moerdyk het 'n kragtige woord tot die gemeente gerig na aanleiding van die gelofte van Sarel Cilliers. „Die Afrikanernasie het nie alleen hierdie gelofte nagekom vir sover dit die kerk in Pietermaritzburg betref nie, maar op elke dorp is hierdie gelofte nagekom. 'n Kerkgebou toon die godsdienstoestand van die Afrikanervolk en is ook 'n kultuurdaad in die ware sin van die woord. Ons verbly ons om ook hier in die goudstad te sien hoedat die Afrikaner trou aan sy Voortrekkerideale bly," het mnr. Moerdyk gesê. Onmiddellik hierna het hy die sleutel aan ds. Du Toit oorhandig, wat die deur ontsluit het.

Nadat die gemeentelede hul plekke ingeneem het, was elke sitplek in die kerk gevul.

Vanaf die kansel het ds. Du Toit telegramme van gelukwense voorgelees. Onder meer was daar telegramme van oom en tannie Tienie van Schoor, van die gemeente Hartebeesfontein, en van die uitvoerende komitee van die A.T.K.V.

Hierna het ds. S. J. Stander, van Hartebeesfontein, wat in Junie 1917 as die eerste leraar in die gemeente Alberton bevestig is, 'n treffende woord tot die gemeente gespreek na aanleiding van 1 Kon. 8 : 63 „So het hulle dan die huis van die Here ingewy."

Onder die aanwesiges was di. D. J. S Malan (Springs), Boshoff (Boksburg Noord) en Gertenbach.

Die nuwe kerk bied sitplek vir 850 mense en kos die gemeente die som van £12,000.